# BOODSKAP

# VAN DIE VOORMALIGE DEPARTEMENTSHOOF, PROF WALLACE VAN ZYL

Ek is onlangs gevra om 'n "kort" geskiedenis van ons departement te skryf (1975-1995). 'n Hele boek kan oor magskonflikte, lojaliteit, die frustrasies van min voltydse personeel of die tekort aan fondse geskryf word.

In April 1974 kry ek my PhD by Waterloo, Kanada terwyl ek professor te Ball State, VSA was. Kort daarna is ek gevra om 'n raamwerk vir 'n moontlike MSS-graad op te stel. Terug in Bloemfontein, Februarie 1975, het ek saam met wyle prof Roodt (Argitektuur) die graad formeel geloods en ook die jongste internasionale tendense akademies verreken. Wat 'n voorreg!!

In 1977 het Wim Botha (MSS Stellenbosch) uit die privaatsektor my te hulp gesnel. Ek het administreer en ons vakverdelings was toe Praktyk (Botha) en Teorie (Van Zyl). Na 1980 word die las met oudstudent Das Steÿn verdeel wat intussen sy M Arg in Toronto, Kanada verwerf het en navorsing by die RGN gedoen het. Hy het veral op Behuising, Omgewing en Teorie gekonsentreer.

Binne die laaste 21 jaar is oor die 170 MSS-grade toegeken waarvan 'n derde aan vroue. Vir 80% was hul eerste graad Geografie gevolg deur die professionele rigtings, met eksotika soos BMil, Vervoerekonomie, Skone Kunste en Huishoudkunde by. Ons studente het dikwels beurse en pryse van SAISS verower, en daar was 'n klompie RGN en WNNR beurshouers.

## NAGRAADSE FILOSOFIE

Van die begin af het drie "nagraadse" beginsels die basis van die departement se filosofie gevorm, naamlik selfstudie, seminare en die ontsluiting van elke student se potensiaal, waar die dosent as vennoot of katalisator optree. Terwyl onderrig en persoonlike studieleiding verreweg die meeste tyd in beslag neem, is selfstudie van kardinale belang. Die ontsluiting van die student se eie potensiaal word opgesom deur Paul Ritter (1962) se beskrywende woord "*Educreation*". Ou kennis kan deur middel van diktate of toetse ingepomp word, maar deur selfstudie, groep interaksie en kritiese dialoog kan die student beter tot 'n denkende professionele persoon omskep word.

Beplanning kan nie as 'n eksakte wetenskap beskou word nie, maar eerder 'n skeppende proses waarin beoordeling 'n groot rol speel. As sy "Educreation" sinvol is, sal die student leer om 'n mate van keuse uit te oefen en verantwoordelik op te tree, of as nie-kompeterende individu of as lid van 'n span. Sy kommunikasie tegnieke van skryf en praat word veral in seminare aangekweek, en die rekenaar sal die tekenwerk doen! Eksamens in die hoofvakke word liefs mondelings afgelê, net soos in die praktyk.

Die departement was altyd ten gunste van "oop" toelating gewees omdat:

1 Die klein getal studente wat in die moeilike MSS-graad belangstel werklik gemotiveer is om die tyd en geld daarvoor op te offer.

2 Die onus rus op die student om die mas op te kom en die nodige slaagstandaard te bereik. Die studente sit nie meer op die skool nie, maar in 'n Magistergraadklas en word 'n mate van volwassenheid en verantwoordelikheid veronderstel.

Ons ervaring het bewys dat die student se motivering vir sy keuse van Stadsbeplanning belangriker as sy vorige akademiese rekord is! Aansoekers wat uit minder "tradisionele" vakrigtings gekom het, het gou hul voete gevind.

Die volgende eiesoortige eienskappe van ons studente kan ook genoem word. Die gemiddelde ouderdom van ons studente is hoog (tussen 25 en 35 jaar), almal is in besit van 'n eerste kwalifikasie (soms twee grade), die meeste was reeds met militêre diensplig klaar (wat tot rypheid mag bydra) en van hulle is getroud met praktiese ervaring in private- en/of openbare sektore agter die rug. Ook was dit nooit 'n probleem om alle rasse in die departement op te lei nie, of Engels in sekere situasies te gebruik nie. Trouens die eerste swart stadsbeplanner in Suid-Afrika het sy MSS in 1980 verwerf!

## OUD STUDENTE EN PROJEKTE

Van ons oud-studente het uitstekende diens as tydelik-deeltydse dosente gelewer. Navorsingstemas en praktiese projekte is nuttige instrumente wat die belangstellings van dosente en studente weerspieël. Botha (Informele sektor en Behuising), Steÿn (Inspraak) of Van Zyl (Voetgangers en ontspanning) was net die vertrekpunte vir 'n wye verskeidenheid skripsietemas. Dat die departement opheffingswerk in sy streek wel deeglik doen, word deur die wye verskeidenheid titels bewys. Kontraknavorsing is oor die hele land onderneem vir 'n verskeidenheid opdraggewers.

## STUDIETOERE, BESOEKERS EN OPENBARE DIENS

Studietoere het mooi aangesluit by praktika en veldwerk, met besoeke o.a. aan Swaziland en Namibië. In 1992 op pad na Malawi het die getroue Bloembus tydelik in die modder vasgesit, maar ook die wondere van Victoria Waterval en Kariba bereik. In 1982 het Das Steÿn gesorg dat ons op 'n inklusiewe toer van 'n maand die volgende beleef het: Rio, Brasilië, Miami, Disney World, New York, Londen en Parys plus 'n Europese bustoer en die koste: R2 000!! Maar op 'n ernstiger akademiese noot was alle dosente telkemale oorsee by konferensies of kollegas of met studieverlof, bv. Wim Botha ken Brittanje baie goed via sy doktoraal, Das Steÿn skryf baie Nederlandse boeke voor en ek ken amper elke lughawe en universiteit

in Noord-Amerika of Australië en kan 'n lesing in Duits of Deens gee!

Binne- en buitelandse besoekers was altyd 'n prioriteit. In die donker dae van die kultuurboikot, het die departement beroemde akdemici soos die volgende gelok: Reiner Jackson (Toronto), Henk Goudappel (Deventer), Paola Somma (Venesië), Klaus Borchard (Bonn), wyle Gordon Gerry (Birmingham) en Ferenc Vidor (Budapest). Om nie te praat van oor die 60 binnelandse besoekers nie.

Ons diens aan die gemeenskap was amper sonder grense! Wim Botha was die eerste voorsitter van die Vrystaatse Tak en ek was die President van die SAISS (1981). Beide van ons was op die Raad en Das Steÿn het die 1990 Kongres in Bloemfontein help reël. Liggame soos die Habitatraad, Van der Stel-Stigting, Stedelike Stigting en Instituut van Behuising het ons dienste gekry. QwaQwa se beplanning is sinoniem met Wim Botha wat later direksielid van die Hoogland Ontwikkelingskorporasie geword het en Das Steÿn het landelike gemeenskappe gehelp. Wat diens aan die sentrale RSA betref, sy mark-oriëntasie en koste-effektiwiteit, het ons departement uitgeblink.

- **Diensarea**

Die departement vervul 'n belangrike rol in professionele opleiding in die sentrale RSA. Binne 'n straal van 150 kilometer vind 'n mens die Vrystaatse Goudveld en die Noord-Kaap met sy belangrike sentra soos Kimberley. Tog kom studente ook vanaf ander universiteite en landstreke om in Bloemfontein te kom studeer bv. RAU, UPE, Stellenbosch of VISTA. Die meeste beplanners in Namibië is produkte van KOVSIES se Beplanningskool.

- **Markoriëntasie**

'n Groter mark-oriëntasie word by die departement bepleit ten einde die universiteit se rol in sy gemeenskap uit te bou en tweedens om die duur infrastruktuur vorentoe beter te benut. Enig in sy soort het ons departement 'n spesiale diens aan deeltydse werkende studente gebied. Vroeg in 1975, toe die MSS-graad beplan is, is dit in 'n markondersoek as belangrik identifiseer en deur die destydse Skolebesoekkomitee van die SAISS in 1980 bevestig. Ons unieke deeltydse graad maak dit moontlik vir rype, ervare persone wat bedags vir die private en/of openbare sektore werk, om aandklasse by te woon.

- **Koste-effektief**

Die koste per student van die departement is onder die laagste in die land. Om finansiële leemtes te oorbrug, het die universiteit telkens gevra dat departemente soveel as moontlik buitefondse probeer beding. Ons departement was juis daarin suksesvol as gevolg van die projekte van prof Wim Botha en dr Das Steÿn, wat diens aan die gemeenskap en akademiese doelwitte bereik.

Na twintig jaar aan die UOVS het ek einde 1994 afgetree en my laaste klas in Stadsontwerp was in Junie 1995. Wim Botha het my opgevolg en die departement het een van sy oudstudente, Piet Potgieter, as lektor bygekry. Hy was vir vier maande, aan die einde van 1995, in die VSA vir sy proefskrif oor "Etiek in beplanning". Die sekretaresse tot einde 1995 was mev Manda de Wet, wat vanaf being 1996 een van drie deeltydse vakkundige beamptes geword het om die navorsingsuitset te verhoog en meer publikasies te lewer. Voor haar was Anita Venter vir byna tien jaar sekretaresse gewees.

'n Mooi leuse heet: "Think globally, act locally." In die buiteland is daar unieke geleenthede om kennis op te doen en perspektief oor nuwe alternatiewe en prioriteite te kry. Orals (soos in Suid-Afrika) moet beplanning die ewewig tussen botsende belange probeer hou, soos ontwikkeling versus bewaring of privaat versus openbaar. Die tegnieke en praktyk wat ons studente geleer het, is reeds verouderd, maar hulle is hopelik "oopkop" vir nuwe idees. Verdraagsaamheid is die sleutel tot sukses in beplanning en sal 'n toekoms vir ons land verseker.

Ons moenie bang wees om andersdenkend of "anders" te wees nie, want daar is baie verskillende tipes beplanners en min van ons kan almal se rol vertolk. Hopelik beweeg ons weg van "die beplanner as staffunksionaris" na die "buitensporige gulsigheid" van die vrye mark, maar in die proses mag menslike aspekte van beplanning nie verlore gaan nie. Volhoubaarheid is baie noodsaaklik. Dit is 'n eer om as voltydse akademikus bestempel te word, want dit verg spesialisasie en finansiële opoffering!

**POSTCRIPT**

Twenty years in one place serving under four deans in a Faculty of Science, is a big chunk of any career. There were a few highlights. We produced the first black planner in South Africa as far back as 1980!! Then we graduated the first woman in South Africa with a PhD in planning. Also our numbers of Masters students have increased steadily since 1985, coming from many races and places. We enjoy worldwide recognition, in a two-way traffic of visits and publications.

Then there were a few "lows". The department just survived the "coarse sieve" of rationalisation (Thatcher surgery) as well as an attempt to incorporate the unknown sub-discipline of "Urbanology" with us.

Educreation, student advising, fieldwork, seminars and community service are of more importance, but they earn fewer credits than research and are seldom measured.

This short "history" is dedicated to our students ... past, present and future, who play a key role in the reconstruction of our country, but their discipline is poorly understood, especially by the public.